

2 September

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 21:12–20 (NAV)

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 21:19c-20 (middel)

Heengaan – sonder om betreur te word

Koning Joram het heengegaan sonder om betreur te word! Dit is seker een van die jammerlikste dinge wat 'n sterweling kan oorkom. Gestel iemand is 'n vloek vir die samelewing. Om dan tydens jou lewe deur niemand met liefde bejeën te word nie, dit is reeds erg genoeg. Om deur almal vermy te word soos 'n melaatse van wie daar 'n ongure smet uitstraal, dit is 'n pynlike gedagte. Om egter by jou heengaan uit hierdie wêreld deur niemand beweën te word nie, om in die vergetelheid soos 'n handjievul stof in die aarde te verdwyn – dit is om die mens van sy hoogste adel te beroof.

Dit was 'n sinryke gewoonte om die nagedagtenis van 'n gestorwe koning te eer deur welriekende speserye te brand. So lees ons dat koning Asa na sy dood op 'n spesiale bed neergelê is en dat hulle vir hom 'n buitengewoon groot wierookbrand aangesteek het (2 Kron 16:14). Dit was 'n pragtige simboliese handeling wat verwys het na 'n lewe wat vir die volk tot seën was. Soos wat die geurige wierookdampe rondversprei en die geur daarvan in die lug bly hang lank nadat die wierookbak weggedra word, so kan en moet 'n ryk lewe 'n lieflike geur versprei. Dit is 'n nageur lank nadat die liggaam reeds te ruste gelê is.

Hoe ryk is die lewe wat van bo veredel en gereinig word! So 'n lewe laat, ook wanneer die lamp uitgeblus word, 'n lieflike geur na. So 'n lieflike nagedagtenis is soos 'n koringkorrel wat sterf om duisendvoudig vrug te lewer. So 'n nagedagtenis word brandend gehou deur die opgestane Heiland op sy hemeltroon, met al die lofsangers om sy troon.

Sing: Psalm 25:1,6 Ds PGL van der Walt (Emeritus)